



DIE STRANDLOPER

Hierdie is die agste verslag vir 2020.

POLITIEK

- Is daar regtig 'n poging om korrupsie binne die regerende party hok te slaan? Kan ons hoop om voor die einde van die jaar resultate te sien? Sal hierdie poging tot 'n breuk in die party lei? Ongelukkig is korrupsie tans deel van die algemene samelewing en word as aanvaarbaar beskou omdat niemand tot dusver daarvoor skuldig bevind en in 'n oranjepak gesien is nie. Omdat korrupsie so deel van die samelewing geword het, is ek van mening dat dit jare sal neem om hierdie euwel wat ons ekonomiese groeivoorsigte ondermyn, uit ons wese te verwyder.
- Die VSA presidentsverkiezing-spelers is bepaal en ons kan nou sit en die drama wat tot verkiesingsdag, 3 November gaan afspeel, gade slaan. Tans is Joe Biden voor in die wedloop, maar niemand moet Donald Trump onderskat nie.
- Die politieke spanning tussen die VSA en China duur voort.
- Die koronavirus veroorsaak steeds allerlei probleme. Die Ierse gebore handelskommissaris van die Europese Unie, Phil Hogan, het bedank nadat hy sy tuisland besoek het om 'n parlementêre gholffvereniging aandete by te woon. Met sy aankoms in Ierland vanaf Brussel, het hy negatief vir die virus getoets, maar moes sy beweging vir die volgende veertien dae beperk – en hy het nie. 80 mense het die ete bygewoon, die dag nadat die Ierse regering die reëls verander het en die bywoning van funksies van 50 tot 6 persone verminder het. Die 80 mense was wel in twee lokale, maar blykbaar het 10 mense aan 'n tafel gesit in plaas van slegs 6. Dus het mnr Hogan bedank. Sal dit in Suid-Afrika gebeur?
- Angela Merkel se Duitsland versorg nou die vergiftigde politieke opponent van die Russiese president, maar moet in gedagte hou dat Duitsland steeds toekomstige energie voorsiening vanuit Rusland benodig.
- Die Japanse eerste minister het weens swak gesondheid bedank en 'n nuwe leier sal teen middel September gekies word.
- Indië is tans die krisispunt van die koronavirus.
- Mali het 'n staatsgreep beleef midde in die stryd teen Islamitiese rebelle. Dit is egter nie die enigste land op die vasteland wat met Islamitiese rebelle te doen het nie. Nader tuis, lyk dit of Islamitiese rebelle groter areas van Noord Mosambiek beheer. Wie sal hulle stop?
- Zimbabwe sink al hoe dieper in die afgrond van armoede, werkloosheid en honger. Dit is onwaarskynlik dat die huidige leierskap hierdie situasie sal kan omkeer.
- Venezuela het besluit dat sommige van sy inwoners as proefkonyne sal optree vir die Russiese sogenaamde Spoetnik 5 virus-teenmiddel. Gegewe die uiterste moeilike Venezuela situasie is dit dalk beter om nie die proefneming te oorleef nie?



- Libanon het 'n nuwe politieke leier. Hopelik kan hy iets red uit die ashoop van sy land.
- Die Groot Leier van Noord-Korea is tans baie stil – ek wonder waarom?
- Nou word ons weer toegelaat om familie en vriende te besoek terwyl ons maskers dra en ons hande was. Maar sal ons instaat wees om ons sosiale afstand te behou? Dit was soveel makliker om jou vyande te besoek!

INTERNASIONAAL

- Die belangrikste ontwikkeling die afgelope maand was dat die Federale Reserweraad aangekondig het dat hy 'n gemiddelde inflasiekoers van 2% sal aanvaar. Dit beteken dat inflasie, tydelik die 2% mikpunt matig oorskry, na 'n periode waartydens dit minder as 2% was.
- Dit dui daarop dat VSA korttermynrentekoerse vir langer op laer vlakke sal bly. Miskien drie of selfs vyf jaar? Niemand kan tans voorspel nie.
- Terselfdertyd word verwag diat VK, Europese en Japanse kortkoerse ook op die huidige lae vlakke sal bly tot minstens die einde van 2021, maar heel waarskylk langer as dit.
- Die jongste vooruitskattings is dat negatiewe wêreld ekonomiese groei van sowat 4% in 2020 met positiewe groei van sowat 5% in 2021 opgevolg sal word .
- Tans word beraam dat die VSA negatiewe groei van net meer as 4%, die Eurogebied negatiewe groei van sowat 4.5%, die VK negatiewe groei van net minder as 9%, Duitsland negatiewe groei van 4.5%, Japan negatiewe groei van sowat 5.5% in 2020 sal toon. Die enigste belangrike land wat positiewe groei van sowat 2.5% sal toon, is China. Tans word verwag dat die wêreld ekonomie positiewe groei van sowat 5% in 2021 sal toon.
- Indiensnemingsyfers verbeter soos ekonomieë herstel sedert die diep negatiewe groei van die tweede kwartaal. Dit word egter aanvaar dat dit lank sal neem om die vlakke van indiensneming te haal wat voor die uitbreek van die virus gegeld het. Werkloosheidsyfers is: VSA 10.2%, VK 3.9%, Eurogebied 7.8%, Duitsland 4.2%, Japan 2.8%, China 5.7%.
- Inflasie bly in die meeste nywerheidslande op lae vlakke. Die jongste syfers is soos volg: VSA 1.0%, VK 1.0%, Eurogebied 0.4%, Duitsland 0.0%, Japan 0.3%, China 2.7%. Dit word verwag dat inflasie in die volgende twaalf tot agttien maande op lae vlakke sal bly.
- Langtermynrentekoerse het die afgelope maand gestyg. Op 1/9/2020 het VSA tienjaar staatseffekte teen 0.72% verhandel (0.54% op 31/7/20), VK tienjaar staatseffekte teen 0.33% (0.11% op 31/7/20), tienjaar Duitse staatseffekte teen -0.40% (-0.53% op 31/7/20), Japanse tienjaar staatseffekte teen 0.05% (0.02% op 31/7/20), Chinese tienjaar staatseffekte teen 3.05% (2.98% op 31/7/20). Hierdie koerse is egter tans op min of meer dieselfde vlak as waarteen hulle aan die begin van Julie verhandel het. Dit word steeds verwag dat hierdie koerse, net soos korttermynkoerse, vir die volgende twee jaar sywaarts kan beweeg.
- Algemene kommoditeitspryse het in die afgelope maand gestyg soos aanduidings van beter groei in die meeste nywerheidslande na vore gekom het. Rodium het met 37.1% gestyg, ystererts met 12.1%, nikkell met 10.4%, palladium met 10.1%, aluminium met 5.6%, koper met 3.5%. Oor die afgelope jaar het die prys van rodium met 144.0% gestyg, palladium met 49.9%, ystererts met 40.5%, sink met 14.9%, koper met 19.9%.



Terselfdertyd het die prys van steenkool egter met 18.9% gedaal. Indien die wêreld ekonomie in die res van die jaar verder verbeter, word aanvaar dat dit in die pryse van algemene kommoditeite weerspieël sal word.

- Goud het die afgelope maand met 0.38% verswak, maar het oor die afgelope jaar met 28.5% gestyg. Dit word steeds deur die lae internasionale rentekoerse, die voldoende likiditeit in die finansiële markte, 'n swakker dollar, asook voortgesette politieke spanning tussen die VSA en China ondersteun. Die verwagting is dat die faktore wat die goude prys ondersteun in die res van 2020 asook die grootste gedeelte van 2021 aanwesig sal wees.
- Die Brent ru-olieprys het die afgelope maand met 4.5% gestyg, maar het 'n afname van 21.3% oor die afgelope jaar getoon. Dit het 'n mate van ondersteuning gekry van die orkane wat deur die Golf van Meksiko en sommige VSA state beweeg het, aanduidings dat voorraadvlakke in die VSA daal, sowel as die swakker dollar. Sommige waarnemers was egter verbaas dat die orkane nie die prys meer ondersteun het nie, wat eintlik toon dat die vraag na olie nie so sterk is nie. Dit word steeds verwag dat die olieprys na die einde van die jaar ietwat kan verswak afhangende van die aanbod van olie wat van OPUL en Rusland in komende maande kom. Baie OPUL lande benodig die olie-inkomste om hul begrotings te laat klop, terwyl hernubare energie in die toekoms 'n al hoe belangriker rol sal speel.

PLAASLIK

- Die plaaslike ekonomie het 'n sug van verligting geslaak toe die inperking tot vlak 2 verlaag is. Ongelukkig word sekere sektore, soos toerisme, steeds deur die huidige inperkings benadeel. Die Augustus Aankoopbestuurdersindeks het verder in

positiewe terrein beweeg met 'n syfer van 57.1 wat 'n verbetering van die vervaardigingsektor aantoon. Die jongste indeks weerspieël ook 'n verbetering van die plaaslike en internasionale ekonomie met uitvoerbestellings wat toegeneem het. Steeds word verwag dat dit geruime tyd sal duur voordat aktiwiteite weer die vlak van voor die inperking aan die einde van Maart, sal bereik.

- Die verwagting is dat die herstel van die ekonomie 'n stadige proses sal wees omdat baie verbruikers werkloos geraak het, of 'n verminderde inkomste tans het. Terselfdertyd moet die regering sy besteding beperk weens die netelige situasie waarin staatsfinansies verkeer.
- Die Julie handelsrekening het die tweede grootste surplus getoon, naamlik R37.4 miljard teenoor die R45.7 miljard Junie surplus. Uitvoere het met 6.1% maand-op-maand (mom) gestyg terwyl invoere met 22.1% mom toegeneem het. Soos die plaaslike inperking verslap word, word verwag dat invoere sterker groei sal toon, maar dit sal beperk word deur die traë ekonomiese herstel in die res van die jaar. Uitvoer behoort te baat by die internasionale globale herstel -- veral van positiewe Chinese tendense. Dit lyk asof die lopenderekoning van die betalingsbalans slegs 'n klein bedrag aan internasionale finansiering sal benodig, maar kan selfs 'n klein surplus toon.
- Ongelukkig is die fiskale prentjie nie so rooskleurig nie. In die eerste vier maande van die huidige fiskale jaar het die staatsinkomste met 21% jaar-op-jaar (joj) gedaal, terwyl uitgawes met 2.7% joj gestyg het. Dit het die begrotingstekort op R245 miljard te staan gebring wat R100 miljard meer is as in die ooreenstemmende tydperk 'n jaar gelede. Dit dui op die massiewe poging wat die staat sal moet aanwend om sy finansiële situasie onder beheer te bring en te voorkom dat staatskuld tot meer as



100% van die bruto binnelandse produk (BBP) styg. Bo en behalwe hierdie situasie is daar nog die haglike finansiële toestand van munisipaliteite. Ongelukkig lyk dit nie asof daar enige korttermyn oplossings vir die probleme van munisipaliteite is nie. Indien hierdie probleme nie onder beheer gebring word nie, sal dit die groeipotensiaal van die ekonomie beperk. Bo en behalwe dit is daar ook nog die probleem van beurtkrag in komende maande en jare.

- Werkloosheid sal na verwagting in die volgende twaalf tot agttien maande aanhou styg.
- In Julie het inflasie tot 3.2% gestyg teenoor die 2.2% van Junie. Dit word verwag dat die gemiddelde inflasiekoers in 2020 tot net meer as 3% sal styg en laer as die 4.5% mikpunt van die Reserwebank in 2021 bly.
- Dit word verwag dat gegewe die swak vertoning van die ekonomie, die onaanvaarbare werkloosheidsvlak asook die voorspelde lae inflasiekoers, korttermyn-rentekoerse tot aan die einde van 2021 sywaarts sal beweeg. Die risiko is dat kortkoerse effens gedurende hierdie periode verder kan daal.
- Langtermynrentekoerse beweeg sywaarts en het die afgelope maand selfs ietwat gedaal. Op 1/9/2020 het die tienjaar staatseffek teen 9.15% verhandel (9.25% op 31/7/20). Dit is steeds moontlik dat hierdie koerse in komende maande opwaartse druk kan ervaar weens die massiewe finansieringsbehoefte vanuit die openbare sektor asook weens verdere kredietafgraderings. Enige opwaartse beweging van hierdie koerse sal egter beperk word deur die swak vertoning van die ekonomie asook die gunstige inflasiekoers.
- Die rand het in die afgelope maande teenoor die swakke dollar versterk. Dit is ook ondersteun deur aanduidings dat die regerende party ernstig kan wees om korrupsie in eie geledere te bekamp. Die

waarde van die rand word egter ondermyn deur politieke onsekerhede (posisie van die staatspresident), die moontlikheid van grondonteiening sonder vergoeding, die moontlikheid van die implementering van die onbekostigbare Nasionale Gesondheid-versekeringskema, die swak vertoning van staatsfinansies, die stygende staatskuld, die moontlikheid van verdere krediet-afgraderings voor die einde van die jaar, enige sterkte van die dollar, enige verswakking van ontlukende lande se geldeenhede, asook die swak vertoning van plaaslike owerhede. Die rand word ondersteun deur die hoër plaaslike as internasionale rentekoerse sowel as die goed funksionerende finansiële stelsel. Die rand bly wisselvallig en in die langer termyn verswak dit teenoor alle belangrike internasionale geldeenhede.

BELEGGINGSOMGEWING

- Tans word aanvaar dat die wêreld ekonomie sy onderste draaipunt van die huidige resessie in die tweede kwartaal van 2020 gehad het. 'n Matige herstel word in die res van die jaar en in 2021 verwag.
- Voorspellings dui egter daarop dat kort- sowel as langtermynrentekoerse op lae vlakke sal bly vir 'n lang periode – minstens tot die einde van 2021 en heel moontlik tot na 2021.
- Voldoende likiditeit in die internasionale finansiële markte ondersteun internasionale aandelemarkte sowel as algemene kommoditeitspryse. Hierdie markte word ook ondersteun deur tekens dat die wêreld ekonomie aan die herstel is. Kommoditeitspryse word steeds beïnvloed deur die spesifieke vraag- en aanbodsituasie van elke kommoditeit.
- Die goudprys word ondersteun deur die swakke dollar, lae internasionale rentekoerse, voldoende likiditeit, sowel as



politieke spanning tussen die VSA en China.

- Die internasionale olieprys word ondersteun deur produksieontwrigtings en -beperkings, dalende voorraadvlakke, en die swak vertoning van die dollar. Prysstygings word beperk deur die stadige ekonomiese herstel, toename in die aanbod van olie en hernubare energie wat meer mededingend word.
- Die dollar verswak tans teenoor die meeste geldeenhede veral weens die verwagting dat VSA kortkoerse langer op lae vlakke sal bly as wat verwag is. VSA rentekoerse is wel hoër as in die meeste ander belangrike nywerheidslande. Dollar sentimente is tans negatief.
- Plaaslike korttermynrentekoerse beweeg waarskynlik sywaarts tot die einde van 2021 met die risiko van 'n verdere verlaging voor die einde van 2020.
- Plaaslike langtermynrentekoerse beweeg sywaarts, maar kan opwaartse druk

ervaar weens verdere kredietverlagings voor jaareinde. Die massiewe befondsingsbehoefte van die openbare sektor kan opwaartse druk in komende maande veroorsaak.

- Die plaaslike aandelebeurs weerspieël die swak vertoning van die binnelandse ekonomie, sowel as politieke onsekerhede. Lae rentekoerse asook tekens dat die plaaslike ekonomie stadig herstel, kan die aandelebeurs in komende maande ondersteun.
- Die rand bly wisselvallig en sal waarskynlik in die langer termyn teenoor alle belangrike geldeenhede verswak.

+

Ulrich Joubert

2

September+++++
+++++ 2020.

Hoewel moeitegedoen is om hierdie dokument so noukeurig moontlik op te stel, aanvaar die opsteller hiervan geen verantwoordelikheid vir die besluite wat op grond van die inligting hieringeneem word nie.

Kontakbesonderhede: ulrich.joubert@gmail.com | sel: 083 458 1370

